MET BETREKKING: NUUSBRIEF FEBRUARIE 1993

'N VRIENDELIKE GROETE AAN ALLE VRIENDE EN FAMILIE VANAF MARION. DIE AFGELOPE MAAND WAS DIE EILAND ONDR 'N KOMBERS VAN DIGTE MIS TOEGEWIKKEL WAT DIE TAKE VAN DIE GEDUGTE EN MISKIEN LAASTE KATJAGSPAN BEMOEILIK HET. GELUKKIG ONDER DIE GOEIE LEIDING VAN HEIN (ONS EIE BALD EAGLE) HET ALLES GOED VERLOOP. HEIN WAS IN DIE LONGRIDGE OMGEWING WAAR HY SY OU EILAND KENNIS IN DIE MOEILIKE OMSTANDIGHEDE GOED TOT SY VOORDEEL GEBRUIK HET. KEVIN (ONS EIE ARNIE) HET SY KRAGTIGE SPIERE IN DIE SWARTKOP GEBIED GAAN VERGROOT SEAN (ONS EIE KLEIN MANNETJIE MET DIE GROOT HART) HET IN MIXED-PICKLE GEBIED GEJAG WAAR HY OP SOEK WAS NA DIE LAASTE KATTE MAAR ONGELUKKIG SONDER SUKSES. COLIN (R. RED BEARD) HET IN DIE CAPE DAVIS OMGEWING AL SY KENNIS INGESPAN OM OOK 'N FINALE POGING AAN TE WEND OM ENIGE SPORE OF KATTE TE SOEK MAAR HET OOK GEEN SUKSES GEHAD NIE. ANDREW (MR AKKER) HET IN DIE WATERTUNNEL GEBIED GEJAG WAAR HY GOED KENNIS GEMAAK HET MET DEVIL'S STRAIRCASE (GLO 'N BAIE STYL BULT). PETER (MR BIRDMAN) HET DIE MISTIGHEID VERWELKOM SODAT HY DIE EILAND NOG BETER KAN LEER KEN. ANDRE EN GREG (ONS ROBMANNE) WORD MAAR BITTER MIN IN DIE BASIS GESIEN AANGESIEN HULLE DRUK BESIG IS MET ROBSENSUSSE WAAR HULLE ALLE ROBBEWEGINGS NOUKEURIG OPTEKEN. NICO (ONS EIE MR MOOSE) IS BAIE BESIG MET AL SY PROEWE OOR DIE VERSKILLENDE EFFEKTE WAT DIE OMGEWING OP DIE MUIS BEVOLKING HET. SY SIVER TRAPS WORD OOK ORAL IN EN OM DIE BASIS GESIEN BRUCE BLAKE (MR FLOWER POWER) WERK OOK HARD OM DIE VERSKILLENDE INVLOEDE WAT DIE KLIMAAT OP SY GEKWEEKTE PLANTE HE TUIT TE WERK. DIE TWEE BIOLOE WORD OOK MIN GEDURENDE DIE DAG GESIEN BEHALWE WANNEER DIE AANDETE VOORGESIT WORD. GERALD SORG DAT AL ONS KOMMUNIKASIE MET DIE BUITE WERELD GLAD VERLOP EN DAT AL ONS BRIEWE VAN GELIEFDES EN VRIENDE VINNIG BY ONS UITKOM. MIKE (MR RESISTOR) SORG DAT ALLE TELEKOMMUNIKASIE STELSELS IN GOEIE WERKENDE TOESTAND BLY VIR ONS TELEFOON OPROEPE GEDURENDE NAWEKE EN ONS DAAGLIKSE SKED MET DIE JAGTERS IN DIE VELD. TEWIS (BOBBY) ONS DIESELWERKTUIGKUNDIGE IS DIE AFGELOPE TYDJIE BESIG MET AL DIE NODIGE HERSTEL EN ONDERHOUD AAN DIE BASIS EN WORD MAAR MIN IN DIE BASIS GESIEN. CT VAN DER MERWE (DOK) KYK GOED NA DIE SPAN SE GESONDHEID EN MAANDELIKS WORD BLOEDDRUK, POLS SLAG, GEWIG NOUKEURIG GEMONITOR. ENIGE PROBLEME EMT ONS GEBIT WORD OOK VINNIG DEUR HOM BEHANDEL. TOJAN (MR PPL) IS DIE AFGELOPE TWEE WEKE OP BROOD BAK SKIVVY EN HET ONS ALMAL VERRAS MET DIE LEKKER VARS BRODE. HY IS OOK NOG BAIE YWERIG IN DIE GYMNASIUM EN HE OOR DIE 15 KILOGRAM VERLOOR. BRUCE LE ROUX (MR CAMO) ONS SENIOR WEERKUNDIGE HET VIR ONS ALMAL VERSEKER DAT DIE MISTIGHEID OP DIE EILAND VINNIG SAL VERDWYN EN DAT ONS DIE LAASTE PAAR WEKE VAN SOMER DIE SONSKYN SAL KAN GENIET. HIER VOLG 'N PAAR INTERESSANTE WEERSTATISTIEKE VIR DIE MAAND JANUARIE:

HOOGSTE WINDSPOED:	100 KM/H	REENVAL:	98,3MM
GEM. HUMIDITEIT :	85%	HOOGSTE TEMP:	18,6 GRADE
GEM. TEMPERATUUR :	7,7 GRADE	LAAGSTE TEMP:	0,5 GRADE
GEMIDDELDE DRUK :	1005,6 MBAR	GEM. SON PER DAG:	4,8 UUR

VAN MY KANT AF WIL EK NET AAN ALLE FAMILIE, VRIENDE EN DIE DEPARTEMENT BEDANK VIR HUL ONDERSTEUNING GEDURENDE DIE AFGELOPE JAAR. DIE EILAND TRAP DIEP SPORE IN ALMAL SE HARTE EN DIE ONDERVINDING EN MENSEKENNIS WAT OPGEDOEN WORD SAL LANK ONTHOU WORD.

VRIENDELIKE GROETE
RUPERT ROBINSON (SPANLEIER)